ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Organiseerder: Jeugprojekte

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as organiseerder by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n Toepaslike tersiêre kwalifikasie; ’n musiekagtergrond/-kwalifikasie sal voordelig wees.
- Ondervinding met die organisering van projekte, met die klem op jeugprojekte.
- Administratiewe en finansiële ondervinding.
- Rekenaarvaardig met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks.
- Kennis van databasisse en die gebruik daarvan.
- Moet beskik oor goeie taalvaardighede en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.
- Moet beskik oor goeie menseverhoudinge.
- Eie vervoer met ’n toepaslike lisensie.

Vernaamste verantwoordelikhede

Die organisering van verskeie nasionale projekte wat gerig is op die bevordering van die Afrikaanse taal en die kunste.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **4 November 2024**
Gebruik asseblief **HKJeug01** as verwysing.

Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.